

# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr. 12:28*

Nommer 13

- Vir die Koninkryk -

16 Maart 2010 AD

## DIE KINDERSEEN

### Inhoud

- Woordoordenking: *Hy vermeerder én versorg* (Ps.107:38) ... 1
- *Die Vrug van die Land*, prof. WJ Snyman ... 4
- *Geboortebepkering*, T. Oldenburger – 'n Boekbespreking deur Totius ... 6

*Die Kerk is ook moeder van die gelowiges daarin, dat in haar skoot kindertjies gebore word vir die ewige lewe. As die geboortesyster daal, dan is dit die begin van die einde. Daardeur het die koninkryke verdwyn.*  
- Prof. WJ Snyman

### WOORDOORDENKING: Psalm 107:38

#### ***Hy vermeerder en versorg !***

God se oproep tot die kinderseën (Gen.1:28; 9:7; Ps.127,128; Mark.10:14; 1 Tim.2:15; 5:14), om dit in gehoorsaam te ontvang, veronderstel ons verantwoordelikheid (roeping), en is nie daarmee in stryd nie (behalwe as ons dit met sondige motiewe teen mekaar afspeel). Dit word vir ons treffend ge-openbaar in Ps.107:38, 'n Psalm wat getuig van God se troue sorg teenoor sy kinders;

*Psalm 107: <sup>37</sup> En hulle het lande gesaai en wingerde geplant wat vrugte as opbrings verskaf het. <sup>38</sup> En Hy het hulle geseën, sodat hulle sterk vermenigvuldig het, en hulle vee het Hy nie min gemaak nie. ... <sup>43</sup> Wie wys is, laat hy op hierdie dinge ag gee, en laat hulle let op die goedertierenhede van die HERE."*

Dit behels vir dat ons in dankbaarheid vir sy groot goedertierenheid in ons verlossing:

1. ons hard sal werk om sodoende te sorg vir ons gesinne, gemeentes en die behoeftiges (v.37a; 1 Kor.16:1,2; 1 Tim.5:8);
2. ons roepingsbesef (en dus verantwoordelik) met ons geld en besittings sal omgaan (goeie rentmeesterskap), om God se koninkryk in ons hele lewens te bevorder (Matt.6:22; 1 Kor.10:31);
3. ons ons geloof en lewensbeskouing op Christus en die Skrif (en nie die feministiese en anti-kinderseën tydsgees nie) sal bou (Ef.4:17-24; Filp.1:10; Kol.2:8);
4. sodat ons die kinderseën *vanaf* die Here kan ontvang met vreugde en verlange (sien die verband tussen 38a en 38b);
5. met die troos en wete dat die Here ook sal sorg dat ons genoeg 'vee' (stoflike middele) sal ontvang om van te leef (38c), om Hom te dien in sy Koninkryk;
6. maar, let wel: 'genoeg' volgens die Skrifte (Spr.30:7-9; 1 Tim.6:6-8), en nie wat ons sondig 'begeer' ons wil/moet hê nie, of wat die wêreld/tydsgees bepaal 'genoeg' is of wat ons 'hoë lewensstandaard' moet wees nie (Matt.6:24; Jak.4:1-4; 1 Joh.2:17)
7. sodat ons sal lewe met geloofsvertroue in Hom (Hebr.12:1,2), deur sy Woord en Gees, en nie in onself en op ons vermoëns vertrou nie, want dan volg die 'onheil en kommer' en word ons al minder (v.39).

Die groot vraag waarom elke gelowige man en vrou oor moet besin, asook elke gelowige gemeente, is:

sien ons as gereformeerde gelowiges nog kinders, *baie* kinders (beklemtoning deur oorspronklike teks: '*sterk* vermenigvuldig', 38b; Deut.7:13; Ps.115:14) as 'n seën van die Here, wat ons graag wil ontvang en voor werk en 'beplan', en dat dit juis deur die kinderseën is (saam met evangelisasie en sending) wat die Here sy gemeente vergader deur die eeue ?

Bid ons nog vir die Here vir 'n groot nageslag om Hom te eer en te dien (Mal.2:15; Op.5:11-14) ?

Prof. Willie Snyman skryf:

"Daar is 'n noue samehang tussen geestelike en natuurlike wasdom (Jes.54:1,2). Die verkiesing gaan deur die geslagte heen. Die Kerk is ook moeder van die gelowiges daarin, dat in haar skoot kindertjies gebore word vir die ewige lewe. As die geboortesyfer daal, dan is dit die begin van die einde. Daardeur het die koninkryke verdwyn. Die Gereformeerde Kerk voer die stryd teen die modernisme. In sy lewe is die Gereformeerde Kerk aangetas deur die modernisme. Laat ons onthou: Die Kerk is 'n tent wat opgerol kan word, ook

die Gereformeerde Kerk. Om nie opgerol te word nie is dit nodig dat daar uitbreiding sal wees, geestelike en natuurlike, deur sending, deur evangelisasie, in die geslagte. Om in die uitbreiding nie te verloop nie, moet die penne vas ingeslaan wees." <sup>1</sup>

Totius skryf tydens die 50-jarige herdenking van die Gereformeerde Kerke (1909), op 'n plek:

Die metodis en arminiaan het 'n *keuse*, die gereformeerde 'n *roeping* !

Gereformeerde gelowige, is kinders ontvang van die Here, en hul in sy vrese opvoed, vir u 'n keuse of 'n roeping ?

U antwoord op daardie vraag, sal bepaal of u 'n ware kerkbouer of kerkafbreker is, of u werklik glo aan 'gemeentegroei' of gemeente 'selfmoord'.

Weereens prof. Snyman:

“Die koms van Christus in die vlees het veral te doen met die huisgesin: Die geboorte van 'n Kind. Maar dit het ook te doen met land en volk. Die huisgesin staan tog nie los van land en volk nie. Gaan die huisgesin, dan gaan ook land en volk. ... Die volk wat nie kan bou op sy huisgesinne nie, en wat nie meer gebou word uit sy huisgesinne nie, is gedoem tot ondergang. ... Gebrek aan geboortes is 'n gevolg van 'n sug na weelde. Dit is 'n besparing met die oog op weelde, genot en gemak. Dit is 'n duur besparing. Dit lê die volkslewe op die altaar van eie gerief. Miskien kry ons netnou helde wat hulle lewe wil lê op die altaar van die volk. Miskien is dit helde wat eers gehelp het om die wortel van die volkslewe af te sny: Kinders vir die volk. Weelde, gemak- en genotsug was nog altyd een van die vernaamste oorsake van die ondergang van volkere, ook daarin dat jy 'n ander volk vir jou laat werk as houtkappers en waterputters.” <sup>2</sup>

Ja, dit is hartseer en tragies dat ons volk se mense so uitgemoor word, veral op die plase, maar, wat van ons wat sondig weier om die kinderseën van die Here te ontvang (en dit nogal baie maal in die 'Naam van die Here?'), is ons nie ook maar op 'n ander manier besig aan die 'uitmoor', die 'selfmoord van 'n nasie' nie ?

Laat ons biddend en bekerend terugkeer en terug reformeer na die God van Ps.107:38 !

---

<sup>1</sup> *Nuwe en Ou Dinge – Uit die skat van die Koninkryk*, deur prof. W.J. Snyman (red: PC Snyman, Potchefstroom: Pro Rege, 1977: 473, 474.

<sup>2</sup> *Ibid.*, 495-497.

## DIE VRUG VAN DIE LAND

Prof W.J. Snyman<sup>3</sup>

“In dié dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel” (Jes. 4: 2).

- Immigrasie kan selfs lei tot ondergang van ‘n volk, tensy ‘n wit gelaatskleur vir ons die enigste kenmerk geword het vir ons volk.
- Die volk wat nie kan bou op sy huisgesinne nie, en wat nie meer gebou word uit sy huisgesinne, is gedoem tot ondergang.
- Gebrek aan geboortes is ‘n duur besparing.
- Die ware betekenis van die vyfde gebod.

Die koms van Christus in die vlees het veral te doen met die huisgesin: Die geboorte van ‘n Kind. Maar dit het ook te doen met land en volk. Die huisgesin staan tog nie los van land en volk nie. Gaan die huisgesin, dan gaan ook land en volk. Land en volk sal ons nie kan behou met immigrasie nie. Dit kan ‘n (bykomende) seën wees, maar ook tot ‘n groot vloek. Dit hang alles daarvan af waarmee ons ons geleedere aanvul. Dit kan selfs lei tot ondergang van ‘n volk, tensy ‘n wit gelaatskleur vir ons die enigste kenmerk geword het vir ons volk. In ieder geval sal dit ons nie teen ondergang behoed nie. Die volk wat nie kan bou op sy huisgesinne nie, en wat nie meer gebou word uit sy huisgesinne nie, is gedoem tot ondergang. ‘n Volk wat vir sy voortbestaan afhanklik geword het van aan vulling van buite, is besig om onder te gaan.

Gebrek aan geboortes is ‘n gevolg van ‘n sug na weelde. Dit is ‘n besparing met die oog op weelde, genot en gemak. Dit is ‘n duur besparing. Dit lê die volkslewe op die altaar van eie gerief. Miskien kry ons netnou helde wat hulle lewe wil lê op die altaar van die volk. Miskien is dit helde wat eers gehelp het om die wortel van die volkslewe af te sny: Kinders vir die volk. Weelde, gemak- en genotsug was nog altyd een van die vernaamste oorsake van die ondergang van volkere, ook daarin dat jy ‘n ander volk vir jou laat werk as houtkappers en waterputters.

*‘n Afbreker*

Gebrek aan geboortes kan ook ‘n diepere, miskien meer onselfsugtige, oorsaak hê: Om die bloedjies ‘n donker toekoms in die land te bespaar. Wat ‘n verskriklike sirkelgang: Geen vertrouwe in die toekoms van land en volk nie, en nou self, deur

---

<sup>3</sup> Oorspronklik in *Die Kerkblad* (jg.65, nr.1680, 16 Jan.1963, p.4,6) verskyn, en later opgeneem in die bundel, *Nuwe en Ou Dinge – Uit die skat van die Koninkryk*, deur prof. W.J. Snyman (red: PC Snyman, Potchefstroom: Pro Rege, 1977: 494-497). Prof. Snyman (oorlede: 1981) was professor in Nuwe Testament by die Teologiese Skool in Potchefstroom (1946-1970).

hierdie gebrek aan vertrouwe, 'n afbreker van die toekoms en aandadig aan die ondergang van volk en vaderland. Waar is die vrug van hierdie land? Waarom is hulle min — die toekomstige erfgename van die grond of die besitting? Is dit dat die enkeles 'n groter deel, 'n beter begin, sal kry? *Daar is ander wat gereed sit om dit in te neem, ander wat baie is en nie hét nie.* Ons moenie Kommunisme in die openbaar bestry en in ons huise bevorder nie. Die volk staan op die bodem van die huis. Die toekoms van land en volk staan en val met die vrug van die land. As dit verskrimpel dan is dit die boom wat verdor. Dan is die boom nie werklik in die land gewortel nie. Hy wil die vrugte van die land geniet, soos die slegte landbouers van die gelykenis (Matt. 21 : 33—46). Of: Hy glo nie aan die toekoms van die land en aan die toekoms van die volk nie — soos Agas, wat hulp in die buiteland gaan soek het (altyd 'n baie duur hulp), en uit ongeloof die teken van die Here geweier het.

Die bekende profesie van die „maagdelike geboorte”, die teken van Jes. 7:14 wat Agas ontvang, staan in die gedeelte van Jesaja (hoofstukke 1—7), wat beheers word deur die gedagte van die land en sy vrugte en die Vrug van die land, en moet in hierdie lig gelees word. Christus is die Spruit, die Vrug van die land. Die Kind wat gebore is, is uit die hemel. Maar Hy is gebore uit 'n vrou. Hy is van hemelse afkoms, maar het ook 'n aardse afkoms. Hy het sy geboorte grond gehad, sy vaderland, sy moedertaal, soos ons Hom hoor roep aan die kruis, as Hy van sy Vader verlaat word. Die terugkeer van die ontwortelde Israel was vir niks anders nie as dat Christus, die Israel, in sy land gebore sou word. Daar moes Hy gebore word, in Betlehern, by name (Miga 5 : 1), die Vrug van die land.

### *Sonde en ontug*

Ook sou Hy wees tot „sieraad en heerlikheid”, tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. Die ware versiering in plaas van die ydele getooi en vertoon van blare, die weeldegetooi van, „oorversiersels” en „hoofversiersels” en „pronkgordels” en „pronkgewade”, van „handsakkies” en „hand spieëltjies” en „tulbande” en „wye mantels” (Jes. 3: 18—23). By hierdie uitwendige versiering en weelderigheid het hulle hul sierlike land ontsier deur sonde en ontug. *Die mooi plekke van die land, waar die terpentynboom groei, het plekke van sonde geword en van ontug* (Jes. 1 : 29), *soos die natuurlike parke en fonteine naby ons stede, die pragtige strande, die mooi plekke en baie vakansie-oorde van ons mooi land.*

Daarom sou dit met die volk gaan soos met hulle land, soos die terpentynboom waarvan die blare verdor, en soos 'n tuin wat geen water het nie (Jes. 1 : 30). Daarvoor het die Here tog nie die mooi land gegee nie. Dit sou 'n verwoesting word en 'n wildernis (Jes. 6: 11) net soos hulle, die tuin van verlustiging, wat wilde druiwe voortbring het (Jes. 5 : 2, 7) ... totdat die Spruit sou kom, die Vrug van die land „tot sieraad en heerlikheid” en „tot hoogheid en versiering” vir die vrygeraaktes van Israel. Hy sou die ware versiering wees vir die land en die ware versiering bring vir die volk, wat bestaan in „die verborge mens van die hart, in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God” (1 Petr. 3 : 4).

*In Christus, die Vrug van die land, is die toekoms van land en volk verseker*

Ons glo tog in die Opstanding uit die dode. Die wonder van die afgekapte boom is die spruit (Jes. 6: 13, vgl. Jes. 11 : 1). Ook so was Christus die Vrug van die land, die Koringkorrel wat sterf om nie alleen te bly nie, maar baie vrug te dra (Joh. 12 : 24; Jes. 53: 10), die Eersteling van die wat in Christus ontslaap het (1 Kor. 15 : 20). Die land is dan werklik 'n dode akker, waar gesaai word in verganklikheid en opgewek word in onverganklikheid en waar gesaai word in oneer en opgewek word in heerlijkheid (1 Kor. 15 : 42, 43). Die wonder van die dorre aarde is altyd weer die nuwe uitspruitsels. Dit wys al na die nuwe aarde waarin geregtigheid woon (2 Petr. 3: 13; Jes. 66 : 22). So sal ook hulle nageslag en hulle naam bestendig wees (Jes. 66 : 22). Dit is woorde vir Israel. Maar ook in Christus, vir elke volk.

Geloof in Christus, die Vrug van die land, beteken geloof aan die toekoms van land en volk en daarom ook vrugte vir die land: Kinders. 'n Gelowige volk is 'n volk wat groei. Dit is nie so dat die belofte by die vyfde gebod „dat julle lank sal lewe in die land wat die Here julle God aan julle gee” in die Nuwe Testament verval het nie.

In die lig van die vervulling het dit geword: Vir altyd.

**OLDENBURGER, TEUNIS.: Geboortebepanking. Vertaling deur dr. A. Dupont. Amsterdam, H. A. van Bottenburg. Boekbespreking deur prof.dr. JD Du Toit (Totius)<sup>4</sup>**

Helaas dat ons oor hierdie onderwerp moet skrywe. Sondes waar van vroeër onder ons net gefluister is, word nou openbaar bespreek, soos een van ons regters in hierdie verband 'n tyd gelede opgemerk het.

Weer oor ons kinders wat in so 'n atmosfeer moet grootword !

Ons is nie van plan om die ou tyd te prys en die teenswoordige tyd sleg te maak nie. Die mens is altyd sondaar voor God, en die gelowige moes altyd ten bloede toe stry teen die kwaad wat listig sy siel bekruipt. Maar daar is tog verskil tussen wat was en wat nou is.

Sondes van hierdie soort is darem voorheen as sondes gebrandmerk. Nou word dit 'n teorie waaraan bepaalde middels ten dienste staan. Hierdie sonde moes hom voorheen in ons kringe as sluipgedierte handhaaf. Nou word dit vriendelik getroetel.

In sy sluipgang het hierdie sonde altyddeur die siele verstrik en hete tranes van vlymende smart aan die siel ontpers. Maar wat moet ons sê van wat nou gaande is?

---

<sup>4</sup> Totius se *Versamelde Werke*, red. Prof.dr. Hertzog Venter, deel 8 (Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1977), p.342-344.

Hoe gaan ons ons nou verantwoord teenoor die ordinansie van God en die aanwysing van die Heilige Skrif?

As daar nie meer gekerm kan word nie: „Here, daar is swaar teen U gesondig!” — wat sal dan ons toestand wees?

Die Skrif is daar met sy ordinansie dat die mens moet vermenigvuldig op die aarde. Andersyds is die Skrif daar met sy bevel van matigheid en selfbeheersing; sy bevel van onttrekking wanneer veral die gesondheid van die moeder dit eis (vgl. 1 Kor.7:5).

Ons het lank gehuiwer om oor hierdie onderwerp te skrywe. Ons wil geen walglike fariseïsme aanmoedig nie. Ons wil ook nie openbaar wat by menigeen nog ‘n onbekendheid is nie. Hoe minder ons van „die dieptes van Satan” weet, des te beter vir ons. Maar ons mag ook ons roeping nie versaak nie.

Hierdie taak word vergemaklik deurdat ons na die boek van dr. Oldenburger kan verwys. Die verskyning van hierdie werk is dan ook die aanleiding dat ons neergeskryf het wat swaar op die harte van ons almal moet druk.

Met beslistheid en onderwerping aan die Skrif gaan hierdie skrywer te werk. Maar juis omdat hy beslis op Christelike standpunt staan, veroordeel hy met krasse woorde hierdie ongeregtigheid wat sy tien duisende, sy honderdduisende verslaan.

Die boek van hierdie Amerikaanse geleerde is in Nederlands vertaal deur dr. Dupont, ‘n Christelike geneesheer wat ook by ons bekend is deur sy mooi geskrif oor *Het huwelijk*.

Laat ons hier iets meedeel aangaande die ryke inhoud van dr. Oldenburger se boek.

Hoofstuk I handel oor geboortebeperking in ou tye; II oor die geskiedenis van die moderne geboortebeperking; III oor ingewikkelde probleme; IV oor die beweging van die Neo-Malthusiane; V oor die beweging teen die Neo-Malthusianisme; VI oor wat die Bybel leer; VII oor hoe en in watter mate die Bybel op die geboortebeperking invloed uitoefen; VIII oor die onuitvoerbaarheid van die program van geboortebeperking; IX oor ‘n nasionale program vir die herstel van die Amerikaanse huisgesin; X bevat 95 stelling teen die kunsmatige geboortebeperking.

Om die geskrif te karakteriseer, is dit voldoende om van die 95 stelling enkele (verkort) hier oor te skrywe.

1. Die grondslag van al die ander argumente is dat die geboortebeperrings-beweging teoretiese ateïsme (Godloëning) is.
2. Dit is praktiese ateïsme in sover as die Openbaring (uit die Bybel) uitgelê moet word om te pas by die program van ‘n materialistiese en sensualistiese utilitaristiese filosofie, en die Christelike sedeleer verwerp word as verouderd op elke gebied van ons moderne wêreld waar dit nie ooreenkom met die metodologie van ons huislike, sosiale, industriële en politieke program nie.
5. Omdat die Christendom teen die geboortebeperrking is, word dit gedoodverf as ‘n vyand van die mensheid, terwyl die feit geloën word dat dit gedurende 2000 jaar van

maatskaplike nut was en hoofsaaklik verantwoordelik is vir die beskawing en die verlossing van die wêreld.

9. Die leer dat 'n vrou onderdanig moet wees aan haar man, dat hy die hoof is van die gesin, word verwerp teen die wette van die natuur en die duidelike leer van die Bybel in.

10. Die eis dat die vrou van teenswoordig die reg vra om haar verstand, deur God gegee, te gebruik om te beslis hoeveel kinders sy sal hê en wanneer, haal die seksuele regte van die eggenoot se omlaag dat hy feitlik 'n koppelaar word.

11. Deur hul bewering dat die vrou gemiddeld nie meer as twee kinders moet hê nie, spreek hulle die leer en die praktyke in die Bybel tee en maak van die seksuele verkeer 'n doel op sigself, wat nie ooreenkomstig die natuur is nie. Dáar is inteendeel die hoofdoel die voortplanting.

14. Die Nasionale Komitee vir Bondswetgewing vir geboortebeperking deel aan ons offisiël mee dat die meeste kerklik georganiseerde groepe van Protestantse en Joodse geloof hulle ten gunste van die geboortebeperringsbeweging verklaar het en dat „die Roomse Kerk die enigste is wat teen die beweging is”, maar ek sê dat van die 210 of meer Protestantse rigtinge minste 75 persent en van die ortodokses almal sonder uitsondering op die hand van die Roomse Kerk is.

15. Die ortodokse kerke glo met dr. Dublin van New York „dat ons die opvoeding in geboortebeperrking moet uitroei, soos ook al aangegee is deur die offisiële houding van ons (Amerikaanse) regering en veral van Italië en Frankryk”.

16. Ek glo dat hierdie evangelie van geboortebeperrking 'n sisteem is van menslike wanhoop, en met die biskop van Londen hou ons vol dat dit „'n wegwysers is na die hel”.

19. Die sisteem is hierin afgodies dat dit vereer die botviering van die sinlike luste tot die grens van die menslike vermoë, en volhou dat seksuele verkeer van hoe sedelike waarde is, terwyl dit in werklikheid van geringe sedelike waarde is. Dit is 'n sonde teen al tien gebooie van God — behalwe miskien die vierde, die Sabbatswet, maar selfs dit word verbreek, aangesien die geboortebeperrking wetteloosheid en ongehoorsaamheid aan die wette van God kweek, wat uitloop op Sabbatsontheiliging.

21. Wat onder ons sterk en snel in verval geraak het, is die sondebeseft.

32. Volgens my het sowel die man wat nie wil werk nie, en die vrou wat geen kinders wil hê nie, die geloof verloën en het erger geword as 'n ongelowige.

Maar ons ruimte laat ons nie toe om meer aan te haal nie. Ons hoop dat die boek van dr. Oldenburger biddend gelees en bestudeer sal word. Ons leef in 'n vreeslik gevaarlike tyd. Mag die Here sy volk bewaar ! En mag ons waaksaam wees deur geen middel van verweer ongebruik te laat nie.



Ten slotte gee ons hier nog die gevoele van die beroemde Indiër Gandhi oor hierdie onderwerp. Na aanleiding van die kongres van die Engels-Indiese vereniging vir geboortebepanking het Gandhi in een van die Indiese nuusblaaie [‘n] verklaring gepubliseer.

[*nota*: in die 1977-uitgawe van Totius se Versamelde Werke, word die aanhaling van Gandhi weggelaat. Hoekom, word daar nie gesê nie. Ek sluit wel die woorde in, wat in die oorspronklike dokument verskyn het – SLC]

*“As julle propogandiste van die geboortebepanking, jul leer oor Indië verbrei, sal julle ongetwyfeld ‘n aanhang verwerf. Maar waarvoor is die moeite nodig ? Die slegte instinkte het geen advokate of brosjures nodig nie. Die slegte instinkte word die oorsaak van allerande kwaad as die mens nie leer om hulle te beheers nie. As julle praktyke hier net so algemeen sou word as in Europa, sou die gevolge ontsettend wees. Die mense sou aan niks anders meer dink as aan singenot nie. Indië sou ‘n land wees van swaksinniges, wat geestelik moreel en liggaamlik skipbreuk gely het. Ek gee toe wat julle nuwe malthusianiste beweer, maar die wetenskaplike verdediging van jul praktyke neem die laaste slagboom weg wat die mense onthou van die kwade. Julle verhef die onsedelikheid tot ‘n sogenaamde wetenskaplike stelsel wat die oorsaak van ‘n skandelige onsedelikheid is. Ek is daarvan oortuig dat die Europeaners weldra sal insien in hoeverre hierdie skynwetenskap hulle bedrieg het. Jul praktyke het veral ingang gevind by die mense van die hoër stande, wat deur oormatige eet, drink en lui-lekker lewe alle wilskrag verloor en die slawe geword het van hul hartstogte.”*

Tot sover Gandhi. En hy [Gandhi] is ‘n man wat nie die Christendom as sy geloofsoortuiging bely nie.

“Die manne van Nineve sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer.  
„Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want sy het gekom van die einde van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor” (Matt.12:41,42). – *Die Kerkblad*, 7 Augustus 1935.

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville. Alle artikels word deur die redakteur geskryf, tensy anders vermeld.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 082 770 2669 E-pos: [proregno@gmail.com](mailto:proregno@gmail.com)

Esra Instituut: [www.esra-instituut.co.nr](http://www.esra-instituut.co.nr) Blog: <http://proregno.wordpress.com/>

“As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op” – Maarten Luther